Discount houses	6·4	8·9	20·6	29·0	16·7	12·8	13·8	10·4	9·7	10·5	14·3
Commercial banks	36·0	24·3	27·4	21·7	23·2	19·2	33·5	38·4	36·7	37·9	34·7
Merchant banks	3·0	1·7	3·1	4·2	4·7	3·7	2·5	2·4	2·4	3·2	2·9
Other banks	—	—	—	—	0·6	2·8	3·7	10·3	11·0	14·0	14·3
Total	68·1	69·6	77·4	74·2	63·2	59·4	67·1	72·4	72·2	77·3	79·0
Building societies	1·5	1·6	1·4	1·9	2·4	4·8	5·9	7·2	7·3	7·5	8·2
Insurers	1·0	0·4	1·6	1·7	2·6	1·8	0·7	0·7	0·9	0·6	0·4
Private pension funds	0·2	0·2	0·2	0·4	0·3	0·2	0·1	0·1	0·2	0·1	0·1
Public Debt Commissioners	13·7	14·9	8·9	14·9	21·6	28·0	19·6	12·2	13·0	8·9	7·5
Other holders	15·5	13·2	10·5	6·9	9·9	5·9	6·7	7·4	6·4	5·7	4·7
Total	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0
Long-term											
Monetary banking sector	17·5	15·5	13·5	12·3	9·0	7·2	6·0	6·6	4·4	5·1	5·0
Building societies	3·5	3·3	2·6	3·4	3·8	3·0	1·4	1·0	0·8	0·9	0·8
Insurers	5·5	5·1	5·1	5·0	4·2	3·6	3·4	4·7	5·3	5·8	6·4
Private pension funds	1·2	1·2	1·2	1·2	1·2	1·1	1·2	2·3	3·6	4·5	4·8
Unit trusts	—	—	—	—	—	—	—	0·1	0·2	0·7	1·5
Public Debt Commissioners	65·9	68·8	70·4	71·2	75·7	79·9	83·4	79·9	81·6	78·5	77·0
Other holders	6·5	6·1	7·3	6·9	6·0	5·2	4·6	5·4	4·1	4·4	4·5
Total	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0

\*Treasury bills and stock with a maturity not exceeding three years.

data on the extent of secondary transactions in these bills are not available. However, the fact that they have a currency of only 91 days, suggests that transactions are confined to the institutions included in the monetary banking sector, in particular the discount houses and the commercial banks.

As shown in the accompanying table, the past ten years have witnessed a growing secondary market for government stock. Turnover in this market, as measured by gross sales or gross purchases, is based on transfers in the stock registers of the Treasury. Expressed as a percentage of the average level of marketable stock debt, the turnover has registered a marked upward tendency during the period 1959 to 1968. The relevant percentage increased from 7·4 per cent in 1959 to no less than 19·8 per cent in 1966, but then declined to 13·1 per cent in 1968.

When transactions between different sectors are considered, it appears that the Public Debt Commissioners and institutions in the monetary banking sector are actively engaged in secondary transactions. As the Public Debt Commissioners are in a position to subscribe to new issues after such issues are closed for general subscription, they fulfil a role of particular significance in the secondary market as a supplier of stock when new issues are not available for subscription to other investors. The Commissioners are also predominantly long-term investors and may sell securities moving into the short-term maturity category to short-term investors. Moreover, the Commissioners act as jobbers in the market and, accordingly, may facilitate the switching by other investors between different maturities. The accompanying table shows that the Commissioners are net sellers of stock in the market.

Notwithstanding their important jobbing role in the secondary market, the volume of transactions of the Commissioners is, in fact, exceeded by that of the discount houses. The transactions of the discount houses stem from their function of jobbing in short-term government stock. The relative importance of the discount houses in the market may be gauged from the fact that during the four years covered by the table, their purchases averaged 36 per cent and their sales

34 per cent of total transactions. As the discount houses act as jobbers, their transactions are effected with various sectors. However, purchases of stock are mainly from the Public Debt Commissioners and commercial banks, while their sales are mostly to commercial banks and other monetary banking institutions.

Apart from the Public Debt Commissioners and the discount houses, the Reserve Bank is also an important operator in the secondary market for government stock. As explained previously, the Bank is prepared to deal in government stock and it is for this purpose that a pattern of rates is quoted for transactions in such stock. Transactions are concluded with various institutions, but during the period 1965 to 1968 transactions with the Public Debt Commissioners accounted for most of the Bank's transactions. An important part of these comprised special swap transactions between the Bank and the Commissioners. Commercial banks and other monetary banking institutions also conclude sizeable transactions in the secondary market.

It is evident that the transactions of the various institutions in the monetary banking sector constitute the largest part of the turnover in government stock. As these institutions are largely short-term investors, it may be concluded that the market in government stock is to a large extent confined to shorter maturities and that the market in long-term maturities is relatively thin. This again has important implications for open-market operations, as the effectiveness of such operations will be hampered by the limited market in longer-term maturities.

### The management of government debt

#### *The objects of debt management*

Government debt management is aimed primarily at meeting the financial requirements of the Government arising from expenditure in excess of normal revenue and at the refinancing of existing debt. However, the absolute size of the debt, its importance in relation to other financial claims held by the private sector, the liquidity structure of the debt in the hands of the private sector, the proportion of new debt taken up by the

Transactions in government stock as percentage of average debt  
R millions

	Calendar years									
	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
Turnover in government stock	112	111	145	214	143	195	330	554	451	479
Average level of domestic marketable stock debt outstanding	1,525	1,644	1,687	1,856	2,049	2,260	2,460	2,800	3,188	3,656
Turnover as percentage of average debt	7·4	6·7	8·6	11·6	7·0	8·6	13·4	19·8	14·1	13·1

**Transactions in government stock\***

R millions

	Calendar years			
	1965	1966	1967	1968
Public Debt Commissioners				
Purchases	52	84	52	28
Sales	81	187	108	162
Net purchases	-29	-103	-56	-134
Monetary banking sector:				
Reserve Bank				
Purchases	25	45	81	32
Sales	20	38	41	25
Net purchases	5	7	40	7
Commercial banks				
Purchases	68	111	86	97
Sales	41	12	57	53
Net purchases	27	99	29	45
Discount houses				
Purchases	131	176	146	193
Sales	92	223	139	162
Net purchases	39	-47	8	31
Merchant banks				
Purchases	7	18	6	11
Sales	9	16	10	13
Net purchases	-2	2	-5	-1
Other banks				
Purchases	12	45	42	54
Sales	8	12	46	33
Net purchases	4	34	-4	21
Building societies				
Purchases	17	30	3	14
Sales	36	22	3	10
Net purchases	-19	8	—	4
Insurers and pension funds				
Purchases	3	10	20	33
Sales	17	15	7	10
Net purchases	-13	-5	13	22
Others				
Purchases	14	35	15	16
Sales	26	30	41	11
Net purchases	-13	5	-25	5
Total sales=total purchases	330	554	451	479

\*A break-down of transactions between various institutions and sectors is only available as from 1965 and is based on transfers recorded in the stock registers of the Treasury, which may differ from the transactions recorded by the institutions and sectors themselves.

monetary banking sector and the impact of the Government's borrowing operations on the financial markets also have implications for financial policy. Consequently, the management of government debt has come to be regarded as a policy instrument designed to supplement monetary policy measures.

The first aim of a debt management policy is that the financing of the Exchequer deficit should be consistent with the requirements of prevailing economic policy. The existence of inflationary pressures in the economy demands that the financing should be disinflationary in its effect on the supply of money and near-money, which, in turn, means that an increase in the Exchequer's net indebtedness to the monetary banking sector<sup>1</sup> should be avoided. Secondly, not only the supply of money and near-money in the hands of the private sector, but also the liquidity structure of claims on the Government held by this sector should be influenced by the Government's debt operations. Marketable short-term government securities constitute highly liquid claims in the hands of the monetary banking sector and the rest of the private sector and a large supply of such claims makes it difficult to implement effectively monetary policy measures. In fact, the lengthening of the maturity structure of the government debt so as to control the growth of the liquidity of the private sector emanating from this source, has become a major concern of debt management. Thirdly, debt management should contribute to the maintenance of a level and structure of interest rates appropriate to the current policy requirements and which would also produce a desired term structure of the debt. Fourthly, debt management should strive at maintaining orderly conditions in the financial markets and, in particular, take into account the availability of loanable funds and the requirements of other borrowers in the market.

#### *Debt management in South Africa*

Until approximately the middle of the nineteen sixties the management of government debt has not been used in South Africa to any significant extent as a policy instrument. Prior to this, debt management centred on adjusting the Government's borrowing requirements to the availability of funds in the market and on maintaining interest rates at levels deemed to be appropriate under prevailing conditions. In assessing ways and means of satisfying the borrowing requirements of the Government, those of the rest of the public sector also had to be taken into account. Accordingly, local authorities and public corporations were required to furnish the Treasury with details of their proposed borrowings in the market during a particular calendar year. This enabled the Treasury to compare the aggregate capital needs of the public sector with the supply of funds in the market and also to ensure an even distribution of borrowings over the year. In order to leave sufficient scope to other

<sup>1</sup>The concept "net indebtedness to the monetary banking sector" refers to the holdings of government securities by the banking sector reduced by the amount of the Exchequer's balance with this sector.

borrowers, the Government frequently resorted to increased foreign borrowing or to supplementing domestic borrowing by compulsory loan levies. Interest rate stability in a market, which was generally characterised by tight conditions, was achieved through the quotation of a pattern of rates by the Reserve Bank at which it was prepared to deal in government stock. These rates also formed the basis for determining yields on new government stock issues and on transactions in the secondary market.

These aspects of government debt management are at present still adhered to, but as from the middle of the nineteen sixties the policy implications of debt management received more attention. The inflationary pressures which emerged in the economy towards the end of 1964, called for the application of financing techniques that would not involve an increase in the supply of money and near-money in the hands of the private sector, as such an increase could give rise to a larger monetary demand for goods and services. In fact, the Government made a deliberate attempt to reduce its net indebtedness to the monetary banking sector from the second half of 1966 onwards.

The success of the disinflationary policy depended on various devices which were introduced with a view to ensuring a larger flow of funds from the private non-bank sector to the Exchequer. The first of these was an increase in the yield on long-term government stock in July 1966. Secondly, compulsory loan levies, which represent part of the non-marketable debt of the Government, were increased in the Budget presented in August 1966. Thirdly, a savings campaign was launched during the second half of 1966 with a view to increasing the personal sector's voluntary holdings of government debt. For this purpose, a new series of Treasury bonds was offered for subscription to individuals. As mentioned earlier, the interest on these bonds is exempted from tax, while the bonds may also be redeemed at a discount after a period of one year. Fourthly, measures were taken to ensure an increased flow of institutional investment to government securities. In terms of legislation passed during the second half of 1966, insurers, private pension and provident funds and unit trusts were required to include in the prescribed assets to be maintained by them, a minimum amount of government securities.

The result of these measures was that the increase in the Exchequer's net indebtedness to the monetary banking sector was reduced from R213 million during the fiscal year 1965-66 to R24 million during 1966-67, while actual declines of R6 million and R201 million were registered during 1967-68 and 1968-69, respectively. At the same time, the Exchequer's indebtedness to the private non-bank sector increased by R167 million during 1966-67, compared with R65 million in 1965-66, and thereafter increased by R257 million and R301 million during 1967-68 and

1968-69, respectively. Thus, the Government's aim of attracting more funds from the private non-bank sector was very successful and was due to the success of the new Treasury bonds, the larger proceeds of loan levies and the marked increase in institutional holdings of government debt.

From the point of view of debt management, the revised investment requirements for insurers and private pension and provident funds had a beneficial secondary effect. As these institutions are mainly long-term investors, the compulsory larger investment in government securities as from 1966 led to a marked increase in long-term government debt outstanding. Consequently, the average maturity of the government debt lengthened considerably, notwithstanding a large increase in short-term debt during this period, especially as this development coincided with the lengthening of the maturity of long-term issues by the Treasury from 20 to 25 years. The average maturity of domestic marketable stock debt increased from 114 months at the end of 1965 to 128 months at the end of 1966 and subsequently to 152 months at the end of March 1969.

The more positive approach to debt management was also reflected in the broadening of the Government's borrowing powers in 1964 to provide the Treasury with unlimited scope to borrow for stabilisation purposes. This measure enables the Government to borrow in excess of its actual financial requirements so as to provide investment outlets for surplus liquid funds in the economy and to sterilise the proceeds by increasing its balances with the Reserve Bank. The principal effect of these operations is to stabilise conditions in the financial markets and to prevent a decline in interest rates that could be in conflict with the aims of economic policy when inflationary pressures are present in the economy. By providing investment outlets, the Government strives to maintain interest rates at a level deemed appropriate in the prevailing circumstances. This device was used extensively during the fiscal years 1966-67, 1967-68 and 1968-69 and balances on the Exchequer and Paymaster-General Accounts increased steadily from R91 million at the end of March 1966 to R751 million at the end of February 1969, before declining to R613 million at the end of March 1969. Of the latter amount, R341 million was actually transferred to a Stabilization Account as provided for in the amendment to the *General Loans Act* in 1964. Although the sterilisation operations of the Government were largely aimed at absorbing short-term funds of the monetary banking institutions, the increase in balances also partly reflected the successful borrowing from the private non-bank sector.

The sterilisation operations of the Government have certain financing implications for the Treasury. By borrowing in excess of loan requirements, the interest

burden on the government debt is increased to the extent that the sterilised funds are not profitably invested. In this regard, the large increase in Exchequer balances during recent years suggests that the additional interest burden incurred, may be quite substantial. In addition, the Government had to provide a tax incentive on that part of the funds withdrawn from the private sector through issues of tax-free bonds. These bonds were taken up by a relatively small number of individuals in the higher income brackets and this implies a loss of tax revenue which may not be insignificant. However, as with other stabilisation devices, this direct and indirect increase of the interest burden on the government debt has to be weighed against the advantages that this policy endeavours to achieve.

The debt management operations referred to above did not involve open-market operations in the secondary market for government securities, but were mainly confined to the placing of new issues. Open-market operations call for a designated agent of the Treasury with a sufficiently large and diversified portfolio of government securities at its disposal to operate effectively in this market and also for an active market in the various maturities of the debt. Usually, the central bank acts as a Treasury agent, but in South Africa the Reserve Bank is not actively involved in the administration of the Government's debt, while the market in longer-term maturities of the government debt is also relatively thin. A large and diversified portfolio of government securities is, however, held by the Public

Debt Commissioners, but in practice their function is confined to administering funds for various public and private bodies and institutions and any debt management effects achieved through their operations should be regarded as incidental.

As long-term investors, the Commissioners contribute substantially to a fairly long average maturity of outstanding government debt. They are also prepared to keep the market supplied with its government stock requirements at times when new issues are not available for subscription. This is made possible by the investment facilities offered by the Treasury to the Commissioners when new issues are not open for general subscription and the procedure thus amounts to an indirect tap system through which stock could be fed continuously to the market. The Commissioners' willingness to deal in government stock also facilitates switching operations through which government stock becoming short-dated is passed on to short-term investors so as to enable long-term investors to reinvest in long-term stock. However, it is not a function of the Commissioners to operate extensively in the market to promote increased holdings of long-term securities by the private sector. Thus, although the Commissioners are well equipped, as far as their holdings of government debt are concerned, to act as a Treasury agent for the purpose of debt management, such action would not be consistent with their function of administering investment funds, as losses would inevitably be incurred on open-market operations.

# 'n Ontleding van die Suid-Afrikaanse staatskuld

deur C. J. de Swardt en G. Steenkamp

## Inleiding

'n Groeiende volkshuishouding vereis 'n voortdurend stygende bedrag aan regeringsuitgawes wat gedeeltelik uit die inkomstebonne tot die beskikking van die Regering gefinansier word en, vir sover uitgawes normale inkomste oorskry, ook deur middel van lenings, dit wil sê deur die skepping van staatskuld. Die Regering se skuldbedrywighede is egter nie langer beperk tot die tegniese probleem om uitgawes en inkomste te laat klop nie, maar het in 'n beleidsinstrument ontwikkel waarmee sekere ander doelstellings bereik kan word.

Gedurende die afgelope dekade is 'n aansienlike toename in die Suid-Afrikaanse staatskuld aangeteken en tussen 31 Maart 1959 en 31 Maart 1969 het die staatskuld vanaf R2,299 miljoen tot R4,881 miljoen toegeneem. Dit het 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van ongeveer 8 persent verteenwoordig wat by benadering gelykstaande was aan dié van die bruto binneilandse produk. Gedurende die laaste drie jare van die betrokke tydperk het die groeikoers van die staatskuld egter tot bykans 13 persent toegeneem wat dié van die bruto binneilandse produk gedurende hierdie tydperk met ongeveer 5 persent oorskry het. Hierdie skerp toename in staatskuld het nie alleen groter uitgawes op die Leningsrekening nie, maar ook 'n meer positiewe benadering tot skuldaanbestuur as 'n instrument van ekonomiese beleid weerspieël.

In hierdie artikel sal die totstandkoming van staatskuld as 'n manier waarop die uitgawes op die Leningsrekening gefinansier kan word, die verskillende skuld-instrumente wat gebruik word, die grootte en samestelling van die skuld, die aflossing- en termynstruktuur daarvan en die besit van die skuld bespreek word. Die aandag sal ook op die opbrengskoerse op regering-sekuriteite en op die mark vir hierdie sekuriteite gevestig word. Die artikel sal met enkele beskouings oor staatskuldadministrasie in Suid-Afrika afgesluit word.

## Die totstandkoming van staatskuld

Staatskuld ontstaan deur dié uitgawes van die Regering wat nie uit normale inkomste of deur die gebruikmaking van beskikbare kontantsaldo's gefinansier kan word nie.

Al die inkomste van die Sentrale Regering word in 'n Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort waaruit ook alle regeringsuitgawes bestry word. Hierdie Fonds, wat by benadering die Skatkisrekening omvat, is basies in twee onderafdelings<sup>1</sup> verdeel, naamlik 'n Inkomsterekening en 'n Leningsrekening. In die algemeen word die Inkomsterekening belas met lopende regeringsuitgawes wat uit lopende inkomste gefinansier word, terwyl die Leningsrekening belas word met verhaalbare uitgawes of uitgawes van 'n kapitale aard wat groten-deels deur middel van lenings gefinansier word. Die omvang van die uitgawes op die Leningsrekening en die mate waarin dit nie uit die normale inkomste op hierdie Rekening gefinansier kan word nie, bepaal hoofsaaklik die omvang van die skuldvorming deur die Regering gedurende 'n gegewe tydperk.

Die totstandkoming van die staatskuld is derhalwe nou aan die tekort op die Leningsrekening verwant, maar die onderskeid tussen die Inkomste- en Leningsrekening is, wat die toedeling van inkomste en van uitgawes betref, nie duidelik omskryf nie. Nie alleen word vir 'n mate van buigsaamheid in die toedeling van inkomste en uitgawes toegelaat nie, maar die onderskeid word ook vertroebel deur oordragte vanaf Inkomste- na Leningsrekening. Sodarige oordragte het 'n direkte invloed op die Regering se leningsbehoeftes en kan ook doelbewus gebruik word as 'n instrument om die Regering se afhanklikheid van skuldvorming as 'n finansieringsbron vir sy uitgawes, te verminder.

Die omvang van uitgawes op die Leningsrekening en die finansiering daarvan word in die bygaande tabel uiteengesit. Gedurende die dekade wat deur die tabel gedek word, het die uitgawes op Leningsrekening meer as verdubbel. Selfs wanneer hierdie uitgawes met leningsverhalings en ander inkomste wat aan die Leningsrekening toekom, verminder word, het 'n aansienlike tekort oorgebly wat deur middel van lenings gefinansier moes word. Die bedrag wat geleent moes

<sup>1</sup>Die Skatkisrekening word in werklikheid in vier rekenings onderverdeel, naamlik in die Inkomsterekening, die Leningsrekening, die Bantoe-onderwysrekening en die Suidwes-Afrikarekening, waarvan die eerste twee van oorheersende belang is.

word, is egter in sommige jare aansienlik verminder deur oordragte vanaf die Inkomsterekening en deur gebruikmaking van die beskikbare saldo's op die Leningsrekening. Die oorblywende finansieringsbehoeftes het desnieteenstaande tot 'n aansienlike stygting in die staatskuld aanleiding gegee.

Die finansiering van die tekort op die Leningsrekening maak die Regering 'n gereelde netto lener in die finansiële markte, met 'n gevolglike voortdurende stygting in die staatskuld. Daar moet egter gemeld word dat voorsiening ook gemaak is vir die kansellering van staatskuld. In hierdie verband is 'n Algemene Delgingsfonds in 1926 onder die bestuur van die Staatskuld-kommissaris ingestel met die doel om die onproduktiewe skuld van die Regering wat toe bestaan het, binne 'n tydperk van 40 jaar te delg. Hiervoor moes die Fonds met 'n vaste jaarlikse bewilliging van R1·3 miljoen gekrediteer word wat, teen 'n samegestelde rentekoers van  $4\frac{1}{2}$  persent per jaar, na raming teen die einde van die tydperk 'n bedrag sou oplewer wat groot genoeg sou wees om die onproduktiewe skuld uit te wis. In 1959 is die tydperk van 40 jaar wat oorspronklik vir bydraes tot die fonds vasgestel is, onbepaald verleng. Aanvanklik moes die staatseffekte wat namens die Fonds deur die Staatskuld-kommissaris gekoop is, vir die onverstreke looptyd van die effekte gehou en op die aflossingsdatum gekanselleer word, terwyl die Fonds met rente teen  $4\frac{1}{2}$  persent per jaar op sodanige kansellasies gekrediteer is. Hierdie bepaling is in 1968 herroep en die Kommissaris is tans verplig om effekte tot 'n bedrag gelykstaande aan minstens die jaarlikse bydrae tot die Delgingsfonds te kanselleer, ongeag die aflossingsdatum van die effekte. Aan die einde van Maart 1969 het die bedrag in die Delgingsfonds op R88 miljoen te staan gekom.

### Die rol van die Sentrale Regering as finansiële tussenanger

Afgesien van die finansiering van die Sentrale Regering se kapitaaluitgawes, verteenwoordig 'n aansienlike gedeelte van die bedrag bewillig op die Leningsrekening fondse wat bestem is vir die kapitaaluitgawes van regeringsondernemings, die provinsiale administrasies en verskillende buitebegrotifondse en -liggame wat nie direkte toegang tot die finansiële markte het nie, maar op die Tesourie vir die finansiering van hul kapitaalbehoeftes aangewese is. Die kapitaaluitgawes van hierdie liggome en ondernemings is nie in die Begroting van die Sentrale Regering ingesluit nie, maar slegs die Regering se bydrae tot die finansiering van hierdie uitgawes, sodat die Regering as 'n tussenanger in hierdie finansieringsbedrywigheide beskou kan word. Aangesien die Leningsrekening grotendeels deur lenings gefinansier word, sal die staatskuld ook hierdie tussenangerfunksie van die Regering weerspieël. Die belangrikste liggome en ondernemings waarvoor die Regering as finansiële tussenanger optree, is die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, die provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika, openbare korporasies, die Nasionale Behuisingsfonds en die Gemeenskapsontwikkelingsfonds. Geld wat deur die Tesourie opgeneem is, word in die vorm van rentedraende lenings of inskrywings op aandelekapitaal aan hulle oorgedra.

Die grootste debiteure van die Tesourie is die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie en die provinsiale administrasies, met inbegrip van die Administrasie van Suidwes-Afrika. Gedurende die tydperk vanaf April 1959 tot Maart 1969 het die toename in die Tesourie se eise teen hierdie debiteure, in die vorm van lenings, ongeveer 55 persent van die stygting

### Die finansiering van die Leningsrekening

R miljoene

	Boekjare geëindig 31 Maart									
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
Uitbetalings (uitgesonderd lenings)	260	206	202	214	283	391	449	511	542	537
Leningsverhalings, terugstortings en ander leningskrediete	41	59	64	68	74	82	111	132	138	159
Tekort (uitgesonderd lenings)	218	148	139	146	209	309	337	379	410	378
Finansiering:										
Oordragte vanaf Inkomsterekening	94	69	42	—	—	18	140	75	44	—
Verandering in saldo*	-40	10	-12	-5	34	29	18	-73	-97	-287
Netto lenings†	164	68	109	151	175	262	179	377	456	665
Totale finansiering	218	148	139	146	209	309	337	379	410	378

\* Toename —, afname +. Insluitende oordragte na die Stabilisasierekening en die I.M.F.-depositorekening ten opsigte van super-goud-tranche-trekking.

† Die verandering in totale skuld is gelyk aan netto lenings min kansellasies van effekte deur die Algemene Delgingsfonds.

Bronne: Verslae van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal en Staatskoerant.

in totale skuld uitgemaak. Die toename in die betrokke eise was in werklikheid in sommige boekjare gedurende hierdie tydperk bykans gelyk aan of selfs hoër as die toename in die skuld. Hierdie verskynsel het die interessante implikasie dat, indien die Leningsrekening aangesuiwer word vir uitgawes wat uit tussengangertransaksies bestaan, 'n groter mate van ewewig tussen die totale sentrale regeringsinkomste en -uitgawes bereik word. Op hierdie grondslag is werklike oorskotte in die sogenaamde „eenheidsbegroting“ van die Sentrale Regering in sekere boekjare aangeteken, veral gedurende die laat vyftigerjare.

Die groot gedeelte van die skuld wat namens die Spoorweg- en Hawensadministrasie aangegaan is, regverdig verdere aandag. Tot aan die einde van Maart 1967 was die Administrasie se skuld aan die Tesourie nie op 'n delgingsgrondslag geplaas nie. Op daardie datum het die totale lenings wat van die Tesourie ontvang is, R2,006 miljoen of 53 persent van die totale staatskuld bedra. In 1966 is egter voorsiening gemaak<sup>1</sup> vir die instelling van 'n delgingsfonds vanaf 1 April 1967 onder die bestuur van die Staatskuldkommisaris. 'n Jaarlikse bedrag van R5 miljoen, gelykstaande aan die rentebedrag wat voorheen op die kapitaalskuld uitstaande op 31 Mei 1910 betaal is, moet in die delgingsfonds gestort word, asook 'n jaarlikse bydrae gelykstaande aan  $4\frac{1}{2}$  persent van die totale bedrag van lenings gekanselleer. Daarbenewens moet die delgingsfonds met alle rente-ontvangstes op sy beleggings gekrediteer word asook met bedrae wat die Administrasie van tyd tot tyd mag bewillig. Die doel van die delgingsfonds is om elke lening wat vanaf 1 April 1967 aangegaan is, na verloop van 'n tydperk van 25 jaar uit opgehopte bydraes te delg. Geen voorsiening is egter vir die aflossing van die Administrasie se skuld soos op 31 Maart 1967 gemaak nie.

### Die leningsmagte van die Regering

In ooreenstemming met die beginsel dat die Parlement beheer oor die staat se finansiële bedrywighede uitvoer, word regeringslenings in enige jaar hoofsaaklik deur die verskil tussen gemagtigde uitgawes op die Leningsrekening en inkomstetoewysings na hierdie Rekening bepaal. Die *Algemene Leningswet* van 1961 bepaal dat die Regering sodanige bedrae mag leen wat, vir sover dit die bedrag wat tot krediet van die Leningsrekening staan of daarvan toekom, te bowe gaan, nodig is om uitgawes wat deur die Parlement gemagtig is te bestry<sup>2</sup>. Artikel 3 van die Wet magtig die Regering ook om sodanige verdere bedrae te leen as wat hy wenslik ag, maar met die voorbehou dat hierdie lenings nie op enige bepaalde tydstip R60 miljoen mag oorskry nie.

Die bedoeling van hierdie bepaling is om die Tesourie 'n mate van beweegruimte met betrekking tot syleningsbedrywighede te laat en, meer in besonder, om vir onvoorsiene stygings in ontvangstes op die Leningsrekening voorsiening te maak en om die Tesourie in staat te stel om van gunstige binnelandse en buitelandse marktoestande gebruik te maak deur meer as sy onmiddellike leningsbehoeftes te leen.

In 1964 is 'n nuwe dimensie tot die Regering se leningsmagte gevoeg toe hierdie magte uitgebrei is met die oog daarop om finansiële stabilitet te bevorder. 'n Toevoeging tot artikel 3 van die *Algemene Leningswet*<sup>1</sup> magtig die Regering om sodanige verdere bedrae te leen wat die Minister van Finansies, na oorlegpleging met die Suid-Afrikaanse Reserwebank, nodig ag vir die behoorlike reëling van binnelandse monetêre toestande. In die motivering van hierdie bykomstige leningsmagte het die Minister verduidelik dat „dit die Tesourie in staat (stel) om finansiële stabilitet te bevorder en in die algemeen om beter beheer uit te oefen oor monetêre toestande, deur Regeringsekuriteite beskikbaar te stel aan die kapitaal- en geldmarke, in bedrae wat meer is as die behoeftes van die Skatkis“<sup>2</sup>. Hierdie funksie „staan egter glad nie in verband met die Regering se leningsprogram en die finansiering daarvan nie. In wese geld dit die gebruik van 'n fiskale maatreël vir die behoorlike reëling van toestande op monetêre gebied . . .“<sup>3</sup>

Geen maksimum is vir hierdie verdere leningsmagte neergelê nie, maar die opbrengs van sodanige lenings moet in 'n spesiale Stabilisasierekening by die Reserwebank gestort word. By die Administrasie van hierdie Rekening namens die Tesourie, kan die Reserwebank met die goedkeuring van die Tesourie die betrokke fondse in die buiteland belê, veral ten einde die rentelas op sodanige fondse tot 'n minimum te beperk, of oorskotte aan die Buitelandse Verkrygingsfonds toestaan. Indien 'n verandering in monetêre toestande dit vereis, mag fondse tot krediet van die Stabilisasierekening weer na die Leningsrekening oorgedra word.

### Die samestelling van die staatskuld

Die *Algemene Leningswet*<sup>4</sup> maak voorsiening daarvoor dat die Regering lenings kan aangaan deur die uitreiking van plaaslik geregistreerde en buitelandse effekte, obligasies of skuldbriewe, nasionale spaarsertifikate<sup>5</sup> en skatkiswissels. Hierby moet leningsheffings gevoeg word as 'n instrument waardeur fondse

<sup>1</sup>Artikel 3 bis.

<sup>2</sup>Republiek van Suid-Afrika, Derde Sessie, Tweede Parlement, *Debatte van die Volksraad*, 8 Junie tot 13 Junie 1964, Staatsdrukker, Pretoria, Kolom 8160.

<sup>3</sup>Loc. cit.

<sup>4</sup>Artikels 5 en 13.

<sup>5</sup>Die opbrengs van die uitgiftes van nasionale spaarsertifikate word deur die Staatskuldkommissaris in staatseffekte belê en hierdie sertifikate verteenwoordig derhalwe nie 'n skuldinstrument nie.

<sup>1</sup>In die Tweede Finansiewet, No. 58 van 1966.

<sup>2</sup>Sien Artikel 2.

op 'n verpligte basis vir die finansiering van uitgawes op die Leningsrekening opgeneem word. Die relatiewe belangrikheid van hierdie instrumente in die samestelling van die staatskuld is afhanglik van verskillende faktore, soos die beskikbaarheid van fondse in die verskillende finansiële markte, die voorkeure van beleggers, statutêre beleggingsvoorskrifte, die peil en termynstruktur van rentekoerse op regeringsekuriteite, die verhouding tussen hierdie koerse en die algemene peil van rentekoerse en die beleidsoogmerke wat deur die Regering nagestreef word.

Die samestelling van die staatskuld volgens die verskillende instrumente wat gebruik word, word in die bygaande tabel weergegee. Soos in die tabel aangetoon word, word die Regering se leningsbehoeftes tans feitlik in sy geheel deur die uitreiking van binnelandse skuldinstrumente gedek. Buitelandse skuld het oor die tydperk onder beskouing 'n dalende neiging in absolute sowel as relatiewe terme getoon en het aan die einde van Maart 1969 slegs 2 persent van die totale skuld bedra. Op daardie datum het net minder as die helfte van die buitelandse skuld uit bemarkbare effekte wat deur middel van openbare uitgifte uitgereik is, bestaan, terwyl die res regstreekse nie-bemarkbare lenings verteenwoordig het.

Die binnelandse skuld bestaan oorwegend uit plaaslik geregistreerde effekte wat aan die einde van Maart 1969, 88 persent van totale binnelandse skuld uitgemaak het. Slegs 'n geringe en dalende gedeelte van die plaaslik geregistreerde effekte is nie-bemarkbaar. Afgesien van effekte wat aan die Reserwebank uitgereik is as sekuriteit vir die aanspreeklikheid wat die Bank vir buitelandse lenings van die Regering aanvaar het, bestaan die nie-bemarkbare effekteskuld uit 'n spesiale reeks 4 persent Pensioeneffekte wat aan die Staatskuldkommissaris uitgereik is, vir die belegging van bydraes tot pensioenfondse wat deur hulle geadminis-

treer word. Hierdie effekte het geen vasgestelde looptyd gehad nie en kragtens artikel 10 van die Finansiewet van 1961 is uitgiftes daarvan op 31 Maart 1961 gestaak, terwyl voorsiening ook gemaak is om die uitstaande bedrag van R361 miljoen vanaf 1 April 1961 in jaarlike paaiemente van minstens R20 miljoen af te los. Die opbrengs van sodanige aflossings word in bemarkbare effekte belê.

Bemarkbare effekte word meesal vir inskrywing deur middel van openbare uitgifte aangebied en sodanige uitgifte val gewoonlik saam met aflossings van effekte wat die vervaldatum bereik het, ten einde omsettigsfasilitete aan die besitters van die effekte wat gedelg word, aan te bied. Dit het ook gebruiklik geword om aan beleggers 'n keuse tussen korttermyn- en langtermynneffekte te bied wanneer nuwe uitgifte gemaak word, om aan hulle uiteenlopende beleggingsbehoeftes te voldoen. In die verlede is spesiale uitgifte van effekte aan die Staatskuldkommissaris gemaak, ten einde beleggingsfasilitete aan te bied gedurende tydperke wanneer uitgifte vir algemene inskrywing nie beskikbaar was nie. Hierdie gebruik is onlangs vervang deur 'n ooreenkoms waarkragtens die Kommissaris toegeelaat word om ná die amptelike sluitingsdatum op openbare uitgifte in te skryf.

Tesourie- en spaarobligasies is nie bemarkbaar nie en word slegs vir inskrywing aan individue beskikbaar gestel. Die uitstaande bedrag van hierdie obligasies het gedurende die afgelope drie boekjare van die tydperk gedek deur die tabel, aanmerklik gestyg. Hierdie toename het die beskikbaarstelling van 'n nuwe tipe obligasie in November 1966 weerspieël wat, ná die verloop van 'n tydperk van een jaar, teen 'n diskonto afgelos kon word. Vroeëre uitgifte van tesourieobligasies het nie vir hierdie aflossingsvergunning voorsiening gemaak nie en kon slegs afgelos word nadat 'n aansienlike gedeelte van die looptyd verstryk het. Daar

**Samestelling van staatskuld volgens skuldinstrumente**  
R miljoëne

	Soos op 31 Maart									
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
Binnelandse skuld:										
Effekte	1,935	2,042	2,094	2,290	2,492	2,714	2,943	3,342	3,683	4,192
Tesourie- en spaarobligasies	36	36	43	52	52	43	52	71	167	227
Nie-inwonér- en geblokkeerde										
Rand-obligasies	—	—	—	14	41	31	20	9	11	13
Skatkiswissels	233	168	241	218	215	284	206	180	141	137
Belastingobligasies en belastingdelgingcertifikate	8	9	10	2	1	—	—	6	4	9
Leningsheffings*	61	61	61	43	24	4	17	42	118	205
Totaal	2,275	2,316	2,449	2,618	2,823	3,076	3,238	3,651	4,123	4,783
Buitelandse skuld	189	216	189	170	139	147	157	119	95	99
Totale skuld	2,463	2,531	2,638	2,788	2,962	3,222	3,396	3,770	4,218	4,881

\*Met inbegrip van persoonlike- en spaarfondsheffings.

is met die uitreiking van nie-inwoner- en geblokkeerde Rand-obligasies 'n aanvang gemaak nadat beheer oor die repatriasie van buitelandse kapitaal wat in Suid-Afrika belê is, in 1961 ingestel is. Hierdie nie-bemarkbare obligasies bied aan buitelandse beleggers 'n geleentheid om hul kapitaal te repatrieer, maar is onbeduidend as 'n komponent van die totale binne-landse skuld.

Leningsheffings, wat deel van die nie-bemarkbare skuld vorm, het gedurende die laaste drie jare van die tydperk onder beskouing ook aansienlik gestyg. Hierdie heffings verteenwoordig 'n instrument in die hande van die Regering om 'n verpligte bydrae deur die private sektor tot die finansiering van die Skatkis te verseker. Die heffing word as 'n persentasie van inkomstebelasting betaalbaar aan die Sentrale Regering bereken en die rente daarop is belastingvry. Vóór 1965 was die heffings terugbetaalbaar na 'n vasgestelde tydperk, maar dié wat daarna ingestel is, is na die keuse van die Minister van Finansies terugbetaalbaar, onderhewig aan 'n maksimum tydperk van sewe jaar.

Bemarkbare skatkiswissels, wat die grootste gedeelte van die totale skatkiswisselskuld uitmaak, bestaan tans uit wissels met 'n looptyd van 91 dae wat op 'n weeklikse tenderbasis aan beleggers beskikbaar gestel word. Die bedrag van skatkiswissels uitstaande neig om in ooreenstemming met algemene geldmarktoesluite te skommel en het aan die einde van Maart 1969 slegs 3 persent van binne-landse skuld verteenwoordig. Nie-bemarkbare skatkiswissels bestaan uit spesiale wissels wat op aanvraag aan die Staatskuld-kommissaris beskikbaar gestel word as tydelike beleggingsgeleentheid vir korttermynfondse wat by hulle gedeponeer word. Spesiale skatkiswissels is ook in die verlede aan die Betaalmeestergeneraal en die Reserwebank uitgereik as sekuriteit vir korttermynlenings wanneer die Skatkis tydelik 'n tekort aan fondse ondervind het.

Belastingdelgingsertifikate is voor die inwerkingtreding van die lopende betaalstelsel van belastinginvordering aan maatskappye en individue uitgereik met

die doel om belastingverpligtings daarmee na te kom. Hulle is daarna vervang deur uitgiftes van belasting-obligasies aan voorlopige belastingbetalers wat inkomstebelasting op gegewe tydstippe gedurende die belastingjaar moet betaal. Die uitstaande bedrag van hierdie skuldinstrumente is ook betreklik onbelangrik.

'n Verdeling van die binne-landse skuld volgens bemarkbaarheid word in die bygaande tabel gegee<sup>1</sup>. Soos in die tabel aangetoon word, bestaan die binne-landse skuld grotendeels uit bemarkbare skuld en dit is interessant om daarop te let dat die bemarkbare gedeelte van die skuld, relatief gesproke, gedurende onlangse jare effens gedaal het. Hierdie afname het nienteenstaande 'n aansienlike toename in die absolute bedrag van hierdie komponent van die binne-landse skuld plaasgevind en het verband gehou met die stijging in leningsheffings en die groter uitgiftes van tesourie-obligasies wat die nie-bemarkbare gedeelte van die binne-landse skuld verhoog het.

### Die aflossingstruktuur van die binne-landse bemarkbare effekteskuld

Die aflossingstruktuur van die uitstaande bemarkbare effekteskuld bepaal die gemiddelde onverstreke looptyd van hierdie skuld. Die onverstreke looptyd sal met verloop van tyd verander word deur die normale verkorting van bestaande looptye en deur nuwe uitgiftes en aflossings van effekte. Uit die oogpunt van die finansiering van sy leningsbehoeftes, sal die Regering daarna streef om die gemiddelde onverstreke looptyd van sy skuld so lank as moontlik te hou ten einde 'n te dikwelse herfinansiering van die bestaande skuld te vermy. Hierdie faktor kan van besondere belang wees in 'n mark wat tradisioneel deur knap toestande gekenmerk word. Aan die ander kant is die gewone termynstruktuur van rentekoerse sodanig dat koerse die laagste is op korter looptye en die rentekoste op lenings kan verlaag word deur op korttermyn te leen. Dit mag egter

<sup>1</sup>Meer omvattende gegevens word in tabel S-43 van die *Kwartaalblad* verstrekk.

### Samestelling van binne-landse skuld volgens bemarkbaarheid

	Soos op 31 Maart									
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
R miljoene										
Bemarkbaar	1,806	1,821	1,927	2,181	2,354	2,621	2,825	3,228	3,602	4,115
Nie-bemarkbaar	468	494	522	437	469	455	413	423	521	668
Totaal	2,275	2,316	2,449	2,618	2,823	3,076	3,238	3,651	4,123	4,783
Percentasie										
Bemarkbaar	79	79	79	83	83	85	87	88	87	86
Nie-bemarkbaar	21	21	21	17	17	15	13	12	13	14
Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100

teenstrydig wees met die beleidsoogmerke van skuld-administrasie. Korttermynregeringsekuriteite verteenwoordig likwiede bates in die hande van die private sektor en 'n te groot bedrag van sulke likwiede eise kan die toepassing van 'n beperkende monetêre beleid bemoeilik.

Afgesien daarvan om die koste van die staatskuld tot 'n minimum te beperk, vereis beleidsoorwegings derhalwe dat die gemiddelde onverstreke looptyd van die skuld verleng moet word. In sy strewe om die gemiddelde onverstreke looptyd te verleng, sal die Regering effekte wat die aflossingsdatum bereik, deur nuwe langtermyneffekte moet vervang en ten einde houers vir die nuwe langtermynskuld te vind, mag dit nodig wees om 'n rentekoersaansporing te voorsien. Dit beteken dat rentekoerse op langtermyneffekte in sulke omstandighede verhoog sal moet word, nie alleen in 'n absolute sin nie, maar ook in verhouding tot dié op korttermyneffekte. Dit is weer een van die beleidsprobleme wat by staatskuladministrasie ter sake is.

Wanneer die gemiddelde onverstreke looptyd van die bemarkbare effekteskuld in oënskou geneem word, blyk dit dat daar tot 1966 'n voortdurende verkorting van die onverstreke looptyd was. So was die gemiddelde onverstreke looptyd 119 maande aan die einde van 1959, maar het daarna afgwaarts geskommel tot 114 maande aan die einde van 1965, voordat dit tot 152 maande aan die einde van Maart 1969 verleng het. Die aansienlike verlenging vanaf 1966 was die gevolg van groot uitgifte van langtermyneffekte wat die invloed van die groot korttermynuitgifte gedurende dieselfde tydperk op die gemiddelde looptyd meer as geneutraliseer het. Daarbenewens is die looptyd van nuwe langtermyneffekte in 1966 vanaf 20 na 25 jaar verleng.

Die aflossingstruktuur van die binnelandse bemarkbare effekteskuld soos aan die einde van Maart 1959, 1964 en 1969 word op die bygaande diagram voorgestel. Vergeleke met 'n meer gelyke verspreiding van aflossings aan die einde van Maart 1959, toon die aflossingstruktuur aan die einde van Maart 1969 'n duidelike opeenhoping van aflossings binne sekere intervalle van die tydperk wat die aflossingsdatums van die uitstaande skuld dek. Op die laasgenoemde datum het korttermynskuld, dit wil sê skuld wat tot aan die einde van Maart 1972 verval, 25 persent van totale bemarkbare effekteskuld bedra, terwyl 29 persent van die totaal binne die vyfjaartydperk 1978-79 tot 1982-83 en 'n verdere 34 persent tussen 1990-91 en 1994-95 afgelos moes word. Hoewel die onverstreke looptye van die effekte uitstaande aan die einde van Maart 1969 oor 'n tydperk van 26 jaar strek, is aflossings dus sterk binne relatief kort tydperke gekonsentreer.

Hierdie konsentrasie is ook duidelik in die termynstruktuur van die binnelandse bemarkbare skuld, wat die uitstaande skuld in verskillende looptydklasse



### Termynstruktuur van binnelandse bemarkbare effekteskuld

Percentasie

	Soos op 31 Maart									
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
Korttermyn	11·2	11·0	13·2	17·6	20·9	26·0	25·1	25·3	27·0	24·8
Middeltermyn	43·8	48·3	43·0	32·8	25·3	19·3	19·3	14·7	11·4	19·0
Langtermyn	45·0	40·8	43·8	49·6	53·8	54·7	55·6	60·0	61·6	56·2
Totaal	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0

verdeel. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was die uitstaande skuld aan die einde van Maart 1969 in die kort- en langtermynlooptydklasse gekonsentreer, met 'n betreklike klein gedeelte in die middeltermynklas<sup>1</sup>. Hierdie looptyd samestelling van die skuld weerspieël in die eerste plek die groei van nuwe uitgifte oor verloop van tyd. In besonder, was langtermynuitgifte gedurende vroeëre tydperke, toe die jare wat tans in die middeltermynklas val gekies is as die jare waarin langtermynuitgifte afgelos moes word, baie kleiner as gedurende latere tydperke, toe die jare wat tans in die langtermynklas val as die aflossingsjare vir nuwe langtermynuitgifte gekies is. Tweedens, toon die termynstruktuur van die skuld die voorkeure van beleggers. So is daar 'n vraag na langtermynneffekte deur langtermynbeleggers soos die Staatskuldkommissaris, versekeraars, private pensioenfondse en effeketrusts, terwyl daar 'n vraag na korttermynneffekte is deur dié beleggers soos bankinstellings en bouverenigings wat verkieks om likwiede bates in hul portefeuilles te hou of wetlik verplig is om dit te doen<sup>2</sup>. Dit wil egter voorkom asof daar weinig aanvraag na middeltermynneffekte bestaan. Laastens, is die termynstruktuur van uitstaande effekteskuld ook die gevolg van die doelstellings wat deur 'n beleid van staatskuldadministrasie nagestreef word, wat tot verhoogde of verlaagde uitgifte van effekte in sekere looptydklasse aanleiding kan gee, 'n aspek wat hieronder in meer besonderhede beskou sal word.

Wanneer die termynstruktuur van bemarkbare effekte beskou word oor die tydperk wat deur die tabel gedek

word, het 'n opvallende verskuiwing tussen die verskillende looptydklasse plaasgevind. Aan die begin van hierdie tydperk was die middeltermynskuld slegs effens kleiner as die langtermynskuld en baie groter as die korttermynskuld. Aan die einde van hierdie tydperk het die middeltermyngedeelte van die skuld egter aansienlik afgeneem, terwyl beide die korttermyn- en die langtermynskuld in relatiewe belangrikheid toegeneem het. Die verloop van tyd dra natuurlik tot 'n verskuiwing tussen looptydklasse by, maar die afname in die relatiewe aandeel van die middeltermynskuld was ook die gevolg van die feit dat die Tesourie in 1963 begin het met die uitreiking van korttermynneffekte met 'n looptyd van 3 jaar, in plaas van die looptyd van 5 jaar wat voorheen op uitgifte van korttermynneffekte van toepassing was. Nuwe uitgifte van middeltermynneffekte is gevold gestaak, terwyl aansienlike nuwe uitgifte van korttermyn- sowel as langtermynneffekte gedurende die daaropvolgende tydperk gemaak is. Die bruto uitgifte van staatseffekte, verdeel volgens die oorspronklike looptyd van die effekte, word in die bygaande tabel getoon.

Dit is interessant om daarop te let dat, hoewel die uitstaande korttermynneffekteskuld gedurende die tydperk onder beschouwing as 'n persentasie van die totale bemarkbare skuld toegeneem het, uitstaande skatkiswissels by benadering 'n ooreenstemmende afname in verhouding tot hierdie totaal getoon het. Die gevolg was dat die korttermynngedeelte van die totale bemarkbare skuld, wat uit korttermynneffekte en skatkiswissels bestaan, as 'n persentasie van die totaal nie betekenisvol gedurende die betrokke tydperk verander het nie.

### Opbrengskoerse op staatseffekte

In Suid-Afrika is dit gebruikelik dat die Reserwebank 'n stel rentekoerse kwoteer waarteen hy bereid is om

### Bruto uitgifte van binnelandse bemarkbare effekte

R miljoene

	Boekjare geëindig 31 Maart									
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
Korttermyn	—	—	—	—	94	70	137	252	276	171
Middeltermyn	43	12	35	35	—	10	—	—	—	18
Langtermyn	120	92	147	213	237	248	223	418	355	522
Totaal	163	104	181	248	330	327	360	670	630	712

<sup>1</sup>Korttermyn word vir hierdie doel omskryf as 'n tydperk tot en met 3 jaar, middeltermyn as 'n tydperk langer as 3 maar nie langer as 10 jaar nie en langtermyn as 'n tydperk langer as 10 jaar.

<sup>2</sup>Ingevolge wetlike beleggingsvoorskrifte waarin korttermynstaats-effekte as 'n voorgeskrewe likwiede bate gedefinieer word.

transaksies in staatseffekte met verskillende looptye aan te gaan. Hierdie koerse weerspieël die onderliggende toestande in die finansiële markte en word van tyd tot tyd aangepas indien dit deur veranderings in die betrokke toestande vereis word. Aangesien die Reserwebank bereid is om staatseffekte teen die gekwoteerde koerse te koop en te verkoop, vind ander transaksies in die mark vir staatseffekte noodwendig teen ongeveer dieselfde koerse plaas. Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van staatseffekte stem ook ooreen met die koerse wat deur die Reserwebank vir dieselfde looptye gekwoteer word.

Die gebruik om 'n stel koerse vir transaksies in staats-effekte te kwoteer, dateer terug tot die einde van die jare veertig, toe rentekoerse 'n volgehoue stijging vanaf die lae peile van die oorlogsjare getoon het. Hoewel die Reserwebank in samewerking met die Staatskuld-kommissaris gepoog het om deur middel van transaksies 'n ordelike opwaartse aanpassing van rentekoerse te verseker, het die voortdurende afname in die markprys van staatseffekte gedurende die onmiddellik na-oorlogse jare 'n element van onsekerheid in die mark laat ontstaan wat belegging in staatseffekte ontmoedig het. Gevolglik is daar gevoel dat deur 'n stel koerse vas te stel wat vir 'n sekere tydperk gehandhaaf sou word, 'n duidelike aanduiding aan beleggers verskaf sou word van die voorwaardes waarteen nuwe uitgiftes gemaak sou word en waarteen bestaande effekte met verskillende looptye verkoop sou kon word<sup>1</sup>. Dit sou op sy beurt weer 'n groter belegging in staats-effekte aanmoedig. Ná 'n proeftydperk, is hierdie stelsel formeel in Julie 1952 deur die Regering as deel van die amptelike beleid aanvaar.

Hoewel die kwotering van 'n stel koerse deur die Reserwebank impliseer dat daardie koerse vir 'n sekere tyd gehandhaaf sal word, is die bedoeling nie om die koerse op 'n bepaalde peil vas te pen nie, maar om 'n ordelike aanpassing van koerse te verseker wanneer marktoestande verander<sup>2</sup>. By die aanpassing van die stel koerse, volgens Franzsen, „neem die Bank gewoonlik nie die voortou nie, maar neig eerder om veranderings in marktoestande te volg. In hierdie verband is die beginsel aanvaar dat die Reserwebank sowel as die SSK (Staatskuldkommissaris) van tyd tot tyd hulle transaksies in staatseffekte opskort ten einde die reaksie van die mark op nuwe verwikkelinge te toets"<sup>3</sup>. Teoreties reageer die Reserwebank se stel koerse dus op veranderings in ander koerse, maar die feit dat aanpassings in die stel, by die afwesigheid van ander beleids-oorwegings, neig om veranderings in marktoestande

te volg, mag 'n mate van onbuigsaamheid in die reaksie van verwante rentekoerse, soos die op brengskoerse op semi-prima-effekte, op markveranderings teweegbring. Die omgekeerde invloed wat deur die prosedure by die vasstelling van koerse op staatseffekte uitgeoefen word, mag dus steurend inwerk op die reaksie van ander rentekoerse op veranderings in marktoestande.

Sedert die stelsel waarvolgens 'n stel rentekoerse gekwoteer word, amptelik aanvaar is, is die stel koerse by verskeie geleenthede gewysig. Hierdie aanpassings

#### Koerse gekwoteer deur die Reserwebank in sy stel koerse vir transaksies in staatseffekte

Persentasie

Datum	Looptyd		
	Langer as 3, maar nie langer as 5 jaar nie	Langer as 5, maar nie langer as 7 jaar nie	Langer as 15 jaar
31/3/59	4·375	4·625	5·25
Veranderings:	<b>Langer as 3, maar nie langer as 3½ jaar nie</b>	<b>Langer as 5, maar nie langer as 5½ jaar nie</b>	<b>Langer as 12 jaar</b>
27/5/60	4·35	4·55	5·25
			<b>Langer as 9½ jaar</b>
10/8/60	4·60	4·80	5·25
			<b>Langer as 10 jaar</b>
7/9/60			5·375
			<b>Langer as 11 jaar</b>
19/2/61	4·85	5·05	5·625
5/5/61	5·10	5·30	5·875
9/5/62	4·975	5·175	5·75
13/6/62	4·85	5·05	5·625
24/7/62	4·475	4·675	5·25
31/8/62	4·20	4·40	5·00
1/11/62	3·95	4·15	4·75
8/12/62	4·20	4·40	5·00
			<b>Langer as 10½ jaar</b>
5/3/65	4·50	4·70	5·25
29/4/65		4·74	5·50
16/8/65	5·00	5·24	6·00
			<b>Langer as 25 jaar</b>
18/7/66			6·50
10/3/67	5·25	5·45	
15/4/67	5·375	5·555	
19/1/68	5·50	5·66	
28/6/68	5·25	5·625	
19/9/68	5·00	5·58	

dui geen verandering aan.

<sup>1</sup>Vgl. D. G. Franzsen, *Economic Growth and Stability in a Developing Economy*, J. L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1960, bl. 61.

<sup>2</sup>Vgl. die President van die Reserwebank se voorsittersrede voor aandehouers, 1950.

<sup>3</sup>D. G. Franzsen, *Die Beheer van die Staatskuld*, in *Die Ekonomiese Politiek van Suid-Afrika*, onder redaksie van J. A. Lombard, H.A.U.M., Kaapstad, 1967, bl. 84.

het nie altyd die hele stel verander nie, maar het by tye 'n selektiewe benadering weerspieël vir sover slegs korttermynkoerse of slegs langtermynkoerse verander is om 'n nuwe verband tussen kort- en langtermynkoerse daar te stel. Gedurende die tienjaar-tydperk geëindig 31 Maart 1969, het die koers op langtermynstaatseffekte tussen  $4\frac{3}{4}$  persent en  $6\frac{1}{2}$  persent gewissel, terwyl die koers op effekte met die kortste looptyd wat deur die Reserwebank gekwoteer word, naamlik net langer as drie jaar, tussen 3·95 en 5·50 persent geskommel het. Die rentekoersmarge tussen die kortste en langste looptye in die stel het gedurende die betrokke tydperk van 0·65 persent tot 1·50 persent gewissel, wat 'n aanduiding gee van die verandering in die verband tussen kort- en langtermynkoerse. Aanvanklik het die Reserwebank ook koerse vir looptye tot en met drie jaar gekwoteer, maar vanaf Mei 1960 is die kwotering van hierdie koerse gestaak ten einde die transaksies van geldmarkinstellings in hierdie korttermynneffekte te vergemaklik. Die bygaande tabel gee die koerse wat gedurende die tydperk April 1959 tot Maart 1969 deur die Reserwebank vir langtermyn-effekte gekwoteer is, asook dié vir looptye van net langer as 3 en 5 jaar.

### Die besit van die staatskuld

Soos voorheen aangedui is, bestaan die staatskuld grotendeels uit binnelandse bemarkbare skuld en gevvolglik sal die aandag slegs by die besit van hierdie deel van die skuld bepaal word. In die algemeen bied die staatskuld 'n beleggingsgeleentheid aan 'n breë groep beleggers, veral as in aanmerking geneem word dat die skuldinstrumente wissel van 'n 91-dae-wissel tot effekte met 'n looptyd van 25 jaar. Die belangrikste besitters van die staatskuld is institusionele beleggers

wat sekere likwiditeit- en solvabilitetstandaarde moet nakom, en beleggers wat wetlik tot prima- en aanverwante beleggings beperk is, soos die Staatskuldkommissaris.

Die bygaande tabel<sup>1</sup> identifiseer die verskillende houers van die binnelandse bemarkbare skuld en toon dat die grootste deel van die skuld deur die Staatskuldkommissaris besit word. Aan die einde van Maart 1969 het die Kommissaris se besit 58 persent van die totale bemarkbare skuld bedra, nadat 'n peil van 65 persent aan die einde van 1964 en weer aan die einde van 1965 bereik is. Die besit van die monetêre banksektor het 25 persent aan die einde van Maart 1969 bedra, sodat nie minder nie as 83 persent van die totale bemarkbare skuld op daardie datum deur dié sektor en die Staatskuldkommissaris besit is. Ander finansiële instellings bestaande uit bouverenigings, versekeraars, pensioenfondse en effeketrusts het op dié datum 12 persent van die bemarkbare skuld besit, terwyl die oorblywende 5 persent hoofsaaklik bestaan het uit die besit van openbare korporasies, plaaslike owerhede, die persoonlike sektor, buitelanders en die korporatiewe sektor (uitgesonderd finansiële instellings). Feitlik die hele bemarkbare skuld word dus deur die Staatskuldkommissaris en die finansiële instellings besit.

Relatief gesproke, het die besit van die bemarkbare skuld interessante veranderinge met verloop van tyd getoon. Gedurende die tydperk 1960 tot 1964 het die besit van finansiële instellings feitlik 'n voortdurende daling as 'n persentasie van die totale bemarkbare skuld getoon, terwyl dié van die Staatskuldkommissaris 'n

<sup>1</sup>Meer besonderhede oor die besit van die bemarkbare staatskuld verskyn in tabelle S-44 tot S-46 van die *Kwartaalblad*.

Binnelandse bemarkbare skuld volgens besitter  
Percentasie

	Einde										31 Maart
	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1969
Monetêre banksektor:											
Suid-Afrikaanse Reserwebank	4·5	7·9	5·9	1·8	1·6	2·6	2·7	2·9	3·0	2·3	2·3
Nasionale Finansiekorporasie	5·3	4·7	5·0	5·4	4·4	4·7	3·3	2·7	2·7	2·5	2·8
Diskontohuise	1·4	1·9	4·3	6·5	4·6	3·7	4·2	3·4	3·1	3·3	3·9
Handelsbanke	16·4	11·5	10·8	11·3	11·5	8·4	11·4	14·2	12·4	12·7	10·9
Aksepbanke	1·1	0·7	0·9	1·0	1·3	1·2	0·8	0·8	0·7	1·0	0·9
Ander banke	0·3	—	—	0·1	0·4	1·3	1·6	3·9	3·6	4·4	4·2
Totaal	29·0	26·7	26·9	26·1	23·8	21·9	24·0	27·9	25·5	26·2	25·0
Bouverenigings	3·0	2·9	2·3	3·0	3·4	3·5	2·8	3·1	2·8	2·8	2·8
Versekeraars	4·5	4·1	4·4	4·3	3·8	3·1	2·6	3·5	4·0	4·3	4·8
Private pensioenfondse	1·0	1·0	1·0	1·0	0·9	0·8	0·9	1·6	2·5	3·2	3·5
Effeketrusts	—	—	—	—	—	—	—	—	0·1	0·5	1·1
Staatskuldkommissaris	54·1	57·7	57·5	58·6	60·9	65·3	64·6	57·9	60·3	58·1	58·2
Ander besitters	8·4	7·6	7·9	7·0	7·2	5·4	5·1	6·0	4·8	4·9	4·6
Totaal	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0

ooreenstemmende toename aangeteken het. Vanaf 1965 is hierdie veranderings omgekeer en aan die einde van Maart 1969 was die finansiële instellings se relatiewe aandeel weer op die peil van 1959. Die afname gedurende die eerste vyf jare van die tydperk onder beskouing in die persentasie bemarkbare skuld wat deur finansiële instellings besit is, was die gevolg van hul klein netto belegging in verhouding tot dié van die Staatskuldkommissaris. Hoewel die netto toevoeging tot die Kommissaris se besit aan bemarkbare skuld gedurende die daaropvolgende vier jare aansienlik in verhouding tot toenames gedurende vorige jare was, is dit desnieteenstaande deur die netto belegging van finansiële instellings oortref, wat die stygging in die relatiewe deel van die bemarkbare skuld besit deur hierdie instellings verklaar.

Twee faktore was gedurende onlangse jare vir die toename in die besit van finansiële instellings verantwoordelik. In die eerste plek het die wysiging van beleggingsvoorskrifte aan verskillende groep instellings en die status wat aan staatseffekte en skatkiswissels as voorgeskrewe beleggings verleen is, die besit van hierdie instellings beïnvloed. In die tweede plek het die Regering begin om korttermynsekuriteite ook as 'n beleggingsgeleenthed vir oorskot likwiede fondse uit te reik met die oog daarop om geldmarktoestande en korttermynrente koerse te stabiliseer, wat eweneens die bedrag aan staatseffekte wat in institusionele portefeuilles ingesluit is, verhoog het.

Gewysigde beleggingsvoorskrifte aan bankinstellings en bouverenigings is in 1965 ingestel, terwyl wysigings in die geval van versekeraars, private pensioen- en voorsorgfondse en effektetrusts gedurende 1966 van krag geword het. Ingevolge die Bankwet en die Bouverenigingwet van 1965, moet bankinstellings en bouverenigings teen hulle verpligtings teenoor die publiek 'n voorgeskrewe bedrag aan likwiede bates sowel as 'n verdere bedrag aan ander voorgeskrewe beleggings hou. Skatkiswissels en korttermynstaats-

effekte word in die wetlike definisie van likwiede bates ingesluit, terwyl langtermyneffekte as "ander voor- geskrewe beleggings" kwalificeer. Die wetlike beleggingsvoorskrifte aan versekeraars en private pensioen- en voorsorgfondse is gewysig om vir die insluiting van 'n minimum bedrag aan regeringsekuriteite in hulle voorgeskrewe bates voorsiening te maak, terwyl beleggingsvoorskrifte aan effektetrusts ingestel is en hierdie voorskrifte ook vir 'n minimum belegging in regeringsekuriteite voorsiening gemaak het. Hierdie beleggingsvoorskrifte het gevoldigk 'n belangrike invloed op die institusionele besit aan sowel kort- as langtermynskuld uitgeoefen.

Hoewel die gewysigde beleggingsvoorskrifte aan bankinstellings en bouverenigings 'n betekenisvolle uitwerking op hul besit aan korttermynskuld as 'n voorgeskrewe likwiede bate gehad het, het die aansienlike toename in die bankinstellings se besit aan staatskulde vanaf 1965 ook verband gehou met die Regering se beleid om beleggingsuitstroom vir oorskot likwiede fondse in die geldmark te bied. So was die toename in die bankinstellings se besit aan likwiede bates, waarvan 'n groot gedeelte uit skatkiswissels en korttermynstaatseffekte bestaan, aansienlik meer as die bedrag wat nodig was om aan die wetlike minimum te voldoen. Aan die einde van 1968 het die oorskot likwiede batebesit van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke R432 miljoen bedra, vergeleke met 'n syfer van R204 miljoen aan die einde van 1965<sup>1</sup>. Hierdie lenings deur die Regering wat meer as sy leningsbehoeftes was, is ook in die skerp stygging in regeringsdeposito's vanaf die begin van 1966 tot aan die einde van Maart 1969 weerspieël. Saldo's op die

<sup>1</sup>Die oorskot likwiede bates van die banke het na die einde van 1968 algemeen, onder ander as gevolg van 'n verhoging van die likwiede batevereistes wat in Februarie, Maart en Mei 1969 deur die Reservebank voorgeskryf is, waardeur 'n aansienlike bedrag tot die vereiste minimum toegevoeg is.

#### Veranderings in die besit van binnelandse bemarkbare skuld

R miljoene

	Kalenderjare									1969
	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968	1ste kw.
<b>Finansiële instellings:</b>										
Monetêre banksektor	-39	23	45	-10	-10	117	248	-15	158	-23
Bouverenigings	-2	-10	22	14	7	-11	22	-	14	3
Versekeraars	-4	7	7	-4	-12	-4	39	27	34	23
Private pensioenfondse	-	1	2	1	-	3	26	36	41	16
Effektetrusts	-	-	-	-	-	-	2	2	16	26
Totaal	-45	21	76	1	-15	106	338	50	264	46
Staatskuldkommissaris	74	39	156	150	207	159	104	226	218	66
Ander besitters	-15	13	-3	14	-31	8	55	-28	22	-1
Totaal		14	73	229	165	161	273	497	504	111

\*Ungesondert bankinstellings wat nie deel van die monetêre banksektor vorm nie en waarvan die veranderings in skuldbesit betreklik klein is.

Skatkis- en die Betaalmeestergeneraalrekening het vanaf R55 miljoen aan die einde van 1965 tot R613 miljoen aan die einde van Maart 1969 toegeneem.

### Struktuurveranderings in die besit van kort- en langtermyn- bemarkbare skuld

Die toename vanaf 1965 in die staatskuld gehou deur finansiële instellings, het ook 'n struktuurverandering in die skuldbesit teweeggebring. Die gewysigde beleggingsvoorskrifte aan bankinstellings en bouverenigings, tesame met die belegging van oorskot likwiede fondse in regeringsekuriteite, het tot 'n aansienlike uitbreiding van hul besit aan korttermynskuld en gevvolglik van hul relatiewe aandeel in die besit van hierdie skuld gelei. In die geval van versekeraars en private pensioenfondse, wat hoofsaaklik langtermynbeleggers is, het die gewysigde beleggingsvoorskrifte 'n groter belegging in langtermynstaatseffekte tot gevolg gehad en dit het die gedeelte van die langtermynskuld wat deur hulle besit word, verhoog.

Wanneer die besit van die kort- en die langtermyn- bemarkbare skuld afsonderlik beskou word, het die besit aan korttermynskuld deur bankinstellings en bouverenigings vanaf 64 persent aan die einde van 1964 tot 87 persent aan die einde van Maart 1969

toegeneem. Hul besit aan langtermynskuld, in verhouding tot die totaal van hierdie skuld, het oor diezelfde tydperk vanaf 10 persent tot 6 persent gedaal. Die aansienlike toename in die korttermynskuld gehou deur bankinstellings en bouverenigings het ook tot 'n aanmerklike vermindering in die verhouding van die korttermyn- bemarkbare skuld gehou deur die Staatskuldkommissaris, gelei. Aan die einde van 1964 het hul besit 28 persent van die totale korttermynskuld bedra, maar het daarna tot 8 persent aan die einde van Maart 1969 afgeneem. Die besit aan langtermynskuld deur versekeraars en private pensioenfondse het vanaf 5 persent van die totaal aan die einde van 1964 tot 11 persent aan die einde van Maart 1969 toegeneem, terwyl hul besit aan korttermynskuld tot minder as 1 persent van die totaal op daardie datum gedaal het.

### Transaksies in bemarkbare staatskuld

Die toenemende belangrikheid van staatskuldinstrumente in die portefeuilles van institusionele en ander beleggers, hulle behoeft om die looptydsestelling van hul skuldbesit aan te pas en die ontwikkeling van plaaslike finansiële markte in die algemeen, het 'n groeiende sekondêre mark vir staatskuld, waarvan die bemarkbare gedeelte uit skatkiswissels en staatseffekte

Binnelandse bemarkbare kort- en langtermynstaatskuld volgens besitter  
Persentasie

	1959	1960	1961	1962	1963	1964	Einde	1966	1967	1968	31 Maart 1969
Korttermyn*											
Monetêre banksektor:											
Suid-Afrikaanse Reserwebank	6·3	17·9	8·9	6·5	4·1	4·8	4·6	3·3	4·3	3·8	3·2
Nasionale Finansiekorporasie	16·4	16·8	17·5	12·8	13·9	16·1	8·9	7·6	8·1	7·9	9·6
Diskontohuise	6·4	8·9	20·6	29·0	16·7	12·8	13·8	10·4	9·7	10·5	14·3
Handelsbanke	36·0	24·3	27·4	21·7	23·2	19·2	33·5	38·4	36·7	37·9	34·7
Aksepbanke	3·0	1·7	3·1	4·2	4·7	3·7	2·5	2·4	2·4	3·2	2·9
Ander banke	—	—	—	—	0·6	2·8	3·7	10·3	11·0	14·0	14·3
Totaal	68·1	69·6	77·4	74·2	63·2	59·4	67·1	72·4	72·2	77·3	79·0
Bouverenigings	1·5	1·6	1·4	1·9	2·4	4·8	5·9	7·2	7·3	7·5	8·2
Versekeraars	1·0	0·4	1·6	1·7	2·6	1·8	0·7	0·7	0·9	0·6	0·4
Private pensioenfondse	0·2	0·2	0·2	0·4	0·3	0·2	0·1	0·1	0·2	0·1	0·1
Staatskuldkommissaris	13·7	14·9	8·9	14·9	21·6	28·0	19·6	12·2	13·0	8·9	7·5
Ander besitters	15·5	13·2	10·5	6·9	9·9	5·9	6·7	7·4	6·4	5·7	4·7
Totaal	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0
Langtermyn											
Monetêre banksektor	17·5	15·5	13·5	12·3	9·0	7·2	6·0	6·6	4·4	5·1	5·0
Bouverenigings	3·5	3·3	2·6	3·4	3·8	3·0	1·4	1·0	0·8	0·9	0·8
Versekeraars	5·5	5·1	5·1	5·0	4·2	3·6	3·4	4·7	5·3	5·8	6·4
Private pensioenfondse	1·2	1·2	1·2	1·2	1·2	1·1	1·2	2·3	3·6	4·5	4·8
Effektetrusts	—	—	—	—	—	—	—	0·1	0·2	0·7	1·5
Staatskuldkommissaris	65·9	68·8	70·4	71·2	75·7	79·9	83·4	79·9	81·6	78·5	77·0
Ander besitters	6·5	6·1	7·3	6·9	6·0	5·2	4·6	5·4	4·1	4·4	4·5
Totaal	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0	100·0

\*Skatkiswissels en effekte met onverstreke looptyd tot 3 jaar.

bestaan, tot gevolg gehad. Skatkiswissels is bloot deur endossement oordraagbaar en omvattende gegewens oor die omvang van sekondêre transaksies in hierdie wissels is nie beskikbaar nie. Die feit dat hulle 'n loop-tyd van 91 dae het, dui egter daarop dat transaksies beperk is tot instellings wat in die monetêre banksektor ingesluit word, in besonder die diskontohuise en die handelsbanke.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het 'n groeiende sekondêre mark in staatseffekte gedurende die afgelope tien jare tot stand gekom. Die omset in hierdie mark, soos gemeet deur bruto aankope of bruto verkope, is gebaseer op oordragte in die effekteregisters van die Tesourie. As 'n persentasie van die gemiddelde peil van die bemarkbare effekteskuld, het die omset gedurende die tydperk 1959 tot 1968 'n merkbare opwaartse neiging getoon. Die betrokke persentasie het vanaf 7·4 persent in 1959 tot nie minder nie as 19·8 persent in 1966 toegeneem, maar toe tot 13·1 persent in 1968 gedaal.

Wanneer transaksies tussen verskillende sektore beskou word, blyk dit dat die Staatskuldkommissaris en die instellings in die monetêre banksektor aktief by die sekondêre transaksies betrokke is. Aangesien dit vir die Staatskuldkommissaris moontlik is om op nuwe uitgifte in te skryf nadat sodanige uitgifte vir algemene inskrywing gesluit is, vervul hulle 'n rol van besondere betekenis in die sekondêre mark as 'n verskaffer van effekte wanneer nuwe uitgifte nie vir inskrywing aan ander beleggers beskikbaar is nie. Die Kommissaris is ook oorwegend langtermynbeleggers en mag effekte wat in die korttermynlooptydklas inskuif, aan korttermynbeleggers verkoop. Hierbenewens tree die Kommissaris ook as 'n effektehandelaar in die mark op en kan gevoglik verwisselingstransaksies tussen verskillende looptye deur ander beleggers moontlik maak. Die bygaande tabel toon dat die Kommissaris netto verkopers van effekte in die mark is.

Nieteenstaande hulle belangrike rol as effektehandelaars in die sekondêre mark, word die omvang van die Kommissaris se transaksies in werklikheid deur dié van die diskontohuise oortref. Die transaksies van die diskontohuise spruit voort uit hul funksie om as

effektehandelaar in korttermynstaatseffekte op te tree. Die relatiewe belangrikheid van die diskontohuise in die mark kan gemeet word aan die feit dat hul aankope gedurende die vier jare wat deur die tabel gedek word, gemiddeld 36 persent en hul verkope 34 persent van totale transaksies uitgemaak het. Aangesien die diskontohuise as effektehandelaars optree, word transaksies met verskillende sektore gesluit. Effekte word egter hoofsaaklik van die Staatskuldkommissaris en die handelsbanke aangekoop, terwyl hulle meesal aan handelsbanke en ander monetêre bankinstellings verkoop.

Aangesien van die Staatskuldkommissaris en die diskontohuise, tree die Reserwebank ook in 'n belangrike mate in die sekondêre mark vir staatseffekte op. Soos voorheen verduidelik, is die Bank bereid om transaksies in staatseffekte aan te gaan en dit is vir hierdie doel dat 'n stel koerse vir transaksies in sodanige effekte gekwoteer word. Transaksies word met verskillende instellings gesluit, maar gedurende die tydperk 1965 tot 1968 was transaksies met die Staatskuldkommissaris vir die grootste deel van die Bank se transaksies verantwoordelik. 'n Belangrike gedeelte hiervan het uit spesiale omruiltransaksies tussen die Bank en die Kommissaris bestaan. Handelsbanke en ander monetêre bankinstellings sluit ook transaksies van 'n betreklike groot omvang in die sekondêre mark.

Dit is duidelik dat die transaksies van die verskillende instellings in die monetêre banksektor die grootste deel van die omset in staatseffekte uitmaak. Aangesien hierdie instellings grotendeels korttermynbeleggers is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die mark in staatseffekte in 'n groot mate tot koper looptye beperk is en dat die mark in langtermynlooptye betreklik klein is. Dit het weer belangrike implikasies vir opemark-transaksies aangesien die doeltreffendheid van sulke transaksies deur die beperkte mark in langtermynlooptye gestrem sal word.

### Die administrasie van staatskuld

#### Die oogmerke van skulddadministrasie

Die administrasie van staatskuld is in hoofsaak gemik op die bevrediging van die finansiële behoeftes van die

**Transaksies in staatskuld as persentasie van gemiddelde skuld**

R miljoene

	Kalenderjare									
	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
Omset in staatseffekte	112	111	145	214	143	195	330	554	451	479
Gemiddelde peil van binnelandse bemarkbare skuld uitstaande	1,525	1,644	1,687	1,856	2,049	2,260	2,460	2,800	3,188	3,656
Omset as persentasie van gemiddelde skuld	7·4	6·7	8·6	11·6	7·0	8·6	13·4	19·8	14·1	13·1

Regering wat voortspruit uit die verskil tussen uitgawes en normale inkomste, en op die herfinansiering van die bestaande skuld. Die absolute grootte van die skuld, die belangrikheid daarvan in verhouding tot ander finansiële eise gehou deur die private sektor, die likwiditeitstruktuur van die skuld in die hande van

die private sektor, die gedeelte van die nuwe skuld wat deur die monetêre banksektor opgeneem word, en die invloed van die Regering se leningsbedrywighede op die finansiële markte is egter ook van betekenis vir finansiële beleid. Gevolglik het die administrasie van die staatskuld ontwikkel in 'n beleidsinstrument wat bestem is om monetêre beleidsmaatreëls aan te vul.

Die eerste oogmerk wat 'n beleid van staatskuld-administrasie nastreef, is om die Skatkistekort in ooreenstemming met die vereistes van heersende ekonomiese beleid te finansier. Die aanwesigheid van inflasionistiese druk in die volkshuishouding vereis dat die finansiering 'n disinflasionistiese uitwerking op die hoeveelheid geld en kwasi-geld moet hê, wat op sy beurt beteken dat 'n toename in die Skatkis se netto skuldbasis teenoor die monetêre banksektor<sup>1</sup> vermy moet word. Tweedens, moet nie slegs die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor deur die Regering se skuldtransaksies beïnvloed word nie, maar ook die likwiditeitstruktuur van hierdie sektor se eise teen die Regering. Bemarkbare korttermyn-regeringsekuriteite bestaan uit hoogs likwiede eise in die hande van die monetêre banksektor en die res van die private sektor en 'n groot hoeveelheid eise van hierdie aard bemoeilik die doeltreffende toepassing van monetêre beleidsmaatreëls. Die verlenging van die looptydstruktuur van die staatskuld om die groei van die likwiditeit van die private sektor wat uit hierdie bron ontstaan, te beheer, het in werklikheid 'n belangrike doelstelling van skulddministrasie geword. Derdens, moet skulddministrasie 'n bydrae lewer tot die handhawing van 'n peil en struktuur van rentekoerse wat aan die heersende beleidsvereistes voldoen en wat ook 'n gewenste termynstruktuur van die skuld teweeg sal bring. Vierdens, moet skulddministrasie poog om ordelike toestande in die finansiële markte te handhaaf en in besonder om die beskikbaarheid van uitleenbare fondse en die behoeftes van ander leners in die mark in aanmerking te neem.

#### *Skulddministrasie in Suid-Afrika*

Tot ongeveer die middel van die jare sesig is die administrasie van die staatskuld nie in 'n betekenisvolle mate as 'n beleidsinstrument in Suid-Afrika gebruik nie. Voorheen het skulddministrasie meesal betrekking gehad op die aanpassing van die Regering se leningsbehoeftes by die beskikbaarheid van fondse in die mark en op die handhawing van rentekoerse op vlakke wat as gepas onder heersende omstandighede beskou is. By die oorweging van maniere om die leningsbehoeftes van die Regering te bevredig, moes die behoeftes van die res van die openbare sektor ook in aanmerking

#### **Sekondêre transaksies in staatseffekte\*** R miljoene

	Kalenderjare			
	1965	1966	1967	1968
Staatskuldkommissaris				
Aankope	52	84	52	28
Verkope	81	187	108	162
Netto aankope	-29	-103	-56	-134
Monetêre banksektor:				
Reserwebank				
Aankope	25	45	81	32
Verkope	20	38	41	25
Netto aankope	5	7	40	7
Handelsbanke				
Aankope	68	111	86	97
Verkope	41	12	57	53
Netto aankope	27	99	29	45
Diskontohuise				
Aankope	131	176	146	193
Verkope	92	223	139	162
Netto aankope	39	-47	8	31
Aksepbanke				
Aankope	7	18	6	11
Verkope	9	16	10	13
Netto aankope	-2	2	-5	-1
Ander banke				
Aankope	12	45	42	54
Verkope	8	12	46	33
Netto aankope	4	34	-4	21
Bouverenigings				
Aankope	17	30	3	14
Verkope	36	22	3	10
Netto aankope	-19	8	-	4
Versekerings en pensioenfondse				
Aankope	3	10	20	33
Verkope	17	15	7	10
Netto aankope	-13	-5	13	22
Andere				
Aankope	14	35	15	16
Verkope	26	30	41	11
Netto aankope	-13	5	-25	5
Totale aankope=totale verkope	330	554	451	479

\* 'n Splitsing van transaksies tussen verskillende instellings en sektore is slegs vanaf 1965 beskikbaar en is gebaseer op oordragte aangeleken in die effekteregisters van die Tesourie wat van die transaksies wat deur die instellings en sektore self aangeleken is, kan verskil.

<sup>1</sup> Die begrip „netto skuldbasis teenoor die monetêre banksektor“ verwys na die banksektor se besit aan regeringsekuriteite, verminder met die bedrag van die Skatkis se saldo by hierdie sektor.

geneem word. Gevolglik is daar van plaaslike owerhede en openbare korporasies vereis om besonderhede van hul voorgenome lenings in die mark gedurende 'n bepaalde kalenderjaar aan die Tesourie voor te lê. Dit het die Tesourie in staat gestel om die totale kapitaalbehoefte van die openbare sektor te vergelyk met die aanbod van fondse in die mark en ook om 'n eweredige verspreiding van lenings oor die jaar te verseker. Ten einde voldoende ruimte aan ander leners te laat, het die Regering dikwels groter buitelandse lenings aangegaan of binnelandse lenings deur verpligte leningsheffings aangevul. Rentekoersstabilitet in 'n mark wat in die algemeen deur knap toestande gekenmerk is, is bereik deurdat die Reserwebank in stel koerse gekwoteer het waarteen hy bereid was om transaksies in staatseffekte aan te gaan. Hierdie koerse het ook die grondslag gevorm by die bepaling van opbrengs-koerse op nuwe uitgifte van staatseffekte en op transaksies in die sekondêre mark.

Hierdie aspekte van staatskuldadministrasie word tans nog nagevolg, maar vanaf die middel van die sestiger jare is meer aandag aan die beleidsimplikasies van skuldadministrasie geskenk. Die inflasionistiese druk wat teen die einde van 1964 in die volkshuisholding ontstaan het, het die toepassing van finansieringstegnieke vereis wat nie 'n toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor tot gevolg sou hê nie, aangesien so 'n toename tot 'n groter monetêre vraag na goedere en dienste aanleiding kon gee. In werklikheid het die Regering vanaf die tweede helfte van 1966 'n doelbewuste poging aangewend om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor te verminder.

Die sukses van die disinflasionistiese beleid was afhanklik van die verskillende maatreëls wat ingestel is met die doel om 'n groter vloeい van fondse vanaf die private nie-banksektor na die Skatkis te verseker. Die eerste hiervan was 'n verhoging van die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in Julie 1966. In die tweede plek is verpligte leningsheffings, wat deel van die nie-bemarkbare staatskuld uitmaak, in die Begroting wat in Augustus 1966 aangebied is, verhoog. Derdens, is 'n spaarveldtug gedurende die tweede helfte van 1966 geloods met die doel om die persoonlike sektor se vrywillige besit aan staatskuld te vergroot. Met hierdie doel voor oë, is 'n nuwe reeks tesourie-obligasies vir inskrywing aan individue aangebied. Soos voorheen gemeld, is die rente op hierdie obligasies van belasting vrygestel, terwyl die obligasies ook teen 'n diskonto na verloop van een jaar afgelos kan word. Vierdens, is maatreëls getref om 'n groter vloeい van institutionele beleggings na regeringsekuriteite te verseker. Ingevolge wetgewing wat gedurende die tweede helfte van 1966 aanvaar is, moes versekeraars, private pensioen- en voorsorgfondse en effektetrusts 'n minimum bedrag aan regeringsekuriteite in die voorgeskrewe bates wat hulle moet hou, insluit.

Die gevolg van hierdie maatreëls was dat die toename in die Skatkis se skuldposisie teenoor die monetêre banksektor vanaf R213 miljoen gedurende die fiskale jaar 1965-66 tot R24 miljoen gedurende 1966-67 verminder is, terwyl werklike afnames van onderskeidelik R6 miljoen en R201 miljoen gedurende 1967-68 en 1968-69 aangeteken is. Terselfdertyd het die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die private nie-banksektor met R167 miljoen gedurende 1966-67 toegeneem, vergeleke met R65 miljoen gedurende 1965-66, en het daarna met onderskeidelik R257 miljoen en R301 miljoen gedurende 1967-68 en 1968-69 vermeerder. Die Regering se oogmerk om meer fondse van die private nie-banksektor te trek, was baie geslaagd en was die gevolg van die sukses van die nuwe tesourie-obligasies, die groter opbrengs van leningsheffings en die aanmerklike toename in die institusionele besit van staatskuld.

Uit die oogpunt van skuldadministrasie, het die gewysigde beleggingsvereistes vir versekeraars en private pensioen- en voorsorgfondse 'n gunstige sekondêre uitwerking gehad. Aangesien hierdie instellings hooftsaaklik langtermynbeleggers is, het die verpligte groter belegging in regeringsekuriteite vanaf 1966 tot 'n opmerklike verhoging van uitstaande langtermynstaatskuld geleei. Die gemiddelde onverstreke looptyd van regeringskuld het gevvolglik aansienlik verleng, nieteenstaande 'n groot styging in korttermynskuld gedurende hierdie tydperk, veral aangesien hierdie ontwikkeling met die verlenging van die uitstaande looptyd van langtermynuitgifte deur die Tesourie vanaf 20 na 25 jaar saamgeval het. Die gemiddelde onverstreke looptyd van binnelandse bemarkbare effekte het van 114 maande aan die einde van 1965 tot 128 maande aan die einde van 1966 en daarna tot 152 maande aan die einde van Maart 1969 gestyg.

Die meer positiewe benadering tot skuldadministrasie is ook weerspieël in die uitbreiding van die Regering se leningsmagte in 1964 ingevolge waarvan onbeperkte magte aan die Tesourie verleen is om vir stabilisasiedoelindes te leen. Hierdie maatreël stel die Regering in staat om meer as sy werklike finansiële behoeftes te leen ten einde beleggingsgeleenthede vir oorskot likwiede fondse in die volkshuishouding te voorsien en die opbrengs te steriliseer deur sy saldo's by die Reserwebank te verhoog. Die vernaamste uitwerking van hierdie optrede is om toestande in die finansiële markte te stabiliseer en om 'n daling in rentekoerse te voorkom, wat teenstrydig met die oogmerke van ekonomiese beleid kan wees wanneer inflasionistiese druk in die volkshuishouding aanwesig is. Deur beleggingsgeleenthede te voorsien, streef die Regering daarna om rentekoerse op 'n peil te handhaaf wat in die heersende omstandighede as gepas beskou kan word. Hierdie maatreël is gedurende die fiskale jare 1966-67, 1967-68 en 1968-69 in 'n groot mate gebruik en die saldo's op die Skatkis- en Betaalmeestergeneraal-

rekening het bestendig vanaf R91 miljoen aan die einde van Maart 1966 tot R751 miljoen aan die einde van Februarie 1969 gestyg, voordat dit tot R613 miljoen aan die einde van Maart 1969 gedaal het. Van die laasgenoemde bedrag is R341 miljoen in werklikheid na 'n Stabilisasierekening oorgedra, soos waarvoor in die wysiging van die *Algemene Leningwet* in 1964 voorsiening gemaak is. Hoewel die sterilisasiebedrywigheude van die Regering hoofsaaklik daarop gemik was om die korttermynfondse van die monetêre bankinstellings te absorbeer, weerspieël die styging in saldo's gedeeltelik ook die geslaagde onttrekking van fondse uit die private nie-banksektor.

Die sterilisasiebedrywigheude van die Regering het sekere finansieringsimplikasies vir die Tesourie gehad. Deur meer as die werklike leningsbehoeftes van die Regering te leen, word die rentelas op die staatskuld verhoog vir sover die gesteriliseerde fondse nie winsgewend belê word nie. In hierdie verband dui die groot styging in skatkissaldo's gedurende onlangse jare daarop dat die bykomstige rentelas wat ontstaan het, aansienlik kan wees. Daarbenewens moes die Regering 'n belastingaansporing bied ten opsigte van dié fondse wat deur uitgiftes van belastingvrye tesourie-obligasies uit die private sektor onttrek is. Hierdie obligasies is deur 'n relatief klein aantal individue in die hoër inkomste-groepe opgeneem en impliseer 'n verlies aan belastinginkomste wat nie onaansienlik kan wees nie. Soos in die geval van ander stabilisasiemaatreëls, moet hierdie direkte en indirekte toename in die rentelas, teen die voordele wat hierdie beleid probeer bereik, opgeweeg word.

Die skulddinamiekbedrywigheude waarna hierbo verwys is, het nie opemarktransaksies in die sekondêre mark vir regeringsekuriteite ingesluit nie, maar was hoofsaaklik tot die plasing van nuwe uitgiftes beperk. Opemarktransaksies vereis 'n aangewese agent van die Tesourie met 'n portefeuille van regeringsekuriteite tot sy beskikking wat groot en gediversifiseerd genoeg is om doeltreffend in hierdie mark te kan optree, en verder ook 'n aktiewe mark in die verskillende looptye van die

skuld. Gewoonlik tree die sentrale bank as 'n agent van die Tesourie op, maar in Suid-Afrika is die Reserwebank nie aktief by die administrasie van staatskuld betrokke nie, terwyl die mark in langtermynlooptye van die staatskuld ook betreklik ly is. 'n Groot en gediversifiseerde portefeuille van regeringsekuriteite word egter deur die Staatskuldkommissaris besit, maar in praktyk is hulle funksie tot die administrasie van fondse namens verskillende openbare en private liggeme en instellings beperk en enige resultate op die terrein van die skulddinamiek wat deur hulle optrede bereik word, moet as toevallig beskou word.

As langtermynbeleggers dra die Kommissaris in 'n aansienlike mate tot die betreklike lang gemiddelde looptyd van die uitstaande staatskuld by. Hulle is ook bereid om in die mark se behoeftes aan regeringsekuriteite te voorsien gedurende tydperke waarin nuwe uitgiftes nie vir inskrywing beskikbaar is nie. Dit word moontlik gemaak deur die beleggingsfasilitete wat deur die Tesourie aan die Kommissaris gebied word, wanneer nuwe uitgiftes nie vir algemene inskrywing oopgestel is nie. Die prosedure verleenwoordig dus 'n stelsel waarvolgens effekte op 'n deurlopende maar onregstreke grondslag aan die mark beskikbaar gestel word. Die Kommissaris se bereidwilligheid om as 'n handelaar in staatseffekte op te tree, vergemaklik ook verwisselingstransaksies waardeur effekte wat in die korttermynlooptydklas inskuif, na langtermynbeleggers oorgedra word ten einde langtermynbeleggers in staat te stel om weer in langtermynneffekte te belê. Dit is egter nie 'n funksie van die Kommissaris om op groot skaal in die mark op te tree ten einde 'n groter besit aan langtermynneffekte deur die private sektor te bevorder nie. Hoewel die Kommissaris, sover dit hulle besit aan staatskuld betref, goed toegerus is om vir doeleindes van skulddinamiek as 'n agent van die Tesourie op te tree, sal so 'n optrede nie in ooreenstemming met hulle funksie om beleggingsfondse te administreer, wees nie aangesien daar onvermydelike verliese op opemarktransaksies gely sal word.